LITERATUUR-OORSIG

By hierdie literatuur-oorsig wil ek u net wys op publikasies wat die moeite werd is om te koop. Dit gaan dus om boeke waarmee u u biblioteek kan verryk.

Elke gereformeerde teoloog wat hom deeglik wil laat voorlig, moet inskryf op die driemaandelikse tydskrif *Theologia Reformata*, waarin bekwame teoloë van die Geref. Bond in die Herv. Kerk in Nederland en van die Chr. Geref. Kerken in Nederland op die redaksie dien.[1] In die laaste uitgawe van Sept. 1970 vind ons die referaat van prof. W. H. Velema *Hermeneutische overwegingen rond het Schriftgezag*, wat hy ook by ons in Pretoria gelewer het.

Ook vind ons in dieselfde uitgawe 'n boeiende artikel van dr. C. Graafland *Kerk en Koninkrijk*, waarin hy die spanningsverhouding „tussen het persoonlijke en het universele heil" teken. Ek haal net een sin aan uit hierdie uitermate insiggewende artikel: „Het valt niet te ontkennen dat de eenzijdige rijk Gods prediking het persoonlijke element zo heeft verdrongen, dat het geloof der gemeente schade lijdt, en dat terwille van een optimistische visie op de wereld".[2] Die bekende dr. W. Aalders gee in daardie selfde nommer 'n mooi vergelykende studie tussen Luther en Melanchton.

In April van hierdie jaar het vrygemaakte gereformeerde studente en academici 'n kongres gehou oor Rewolusie. Die referate is gebundel onder die titel *Confrontatie met de revolutie*. Daar is skitterende bydraes in hierdie bundel. Sonder om maar iets af te ding op die waarde van die verskillende referate, moet ek tog net die bydrae van ds. D. K. Wielenga noem. Hy gee kanttekeninge by die sg. teologie van die rewolusie en bespreek dan die siening van teoloë soos Moltman, Shaull, Bloch en Verkuyl. Hy wys op die verskil tussen Verkuyl se teologie van die transformasie en Shaull se teologie van die rewolusie. Hy bring m.i. tereg hierdie twee teologieë onder dieselfde noemer, naamlik dié van opstand teen die lewende God en sy Gesalfde.[3]

'n Boek wat my besonder diep getref het, is die werk van A. N. Triton, *Whose world? The christian's attitude to the material world, to culture, politics, technology, society . . .*[4] Die skrywer gee 'n skerpsinnige beskouing oor die verhouding van die koninkryk van God tot die samelewing. Hy neem baie sterk standpunt in die geloof in God, die Skepper. Hy sê dat ons die O.T. te veel verwaarloos het. Ons is te eensydig op die N.T. gekonsentreer, terwyl ons die O.T. net gebruik om die N.T.-iese temas te illustreer. Ons moet egter, aldus die skrywer, die hooftema van die O.T.: God is die Skepper en Onderhouer van die wêreld, weer ernstig neem.[5] Verder lê die skrywer groot nadruk op die betekenis van die wet van God in verband met die skepping. Hy gebruik ook die term „strukture" en dan verbind hy die verskillende samelewingsstrukture met die wet van God. Terwyl vandag met minagting oor allerlei strukture ge-

praat word en daar op die noodsaak van strukturele bekering gewys word, is dit werklik verkwikkend om in hierdie boek te lees hoe die skrywer die strukture in verband bring met die wet van God en met God se voorsienigheid.[6] Die openbaringshistoriese uitgangspunt van die skrywer, wat afkomstig is uit die kringe van die Inter-Varsity Fellowship, gee aan sy boek 'n geweldige belyning en stukrag. Hierdie boek is uitermate aktueel en Skrifgebonde.

Op dogmatiese gebied moet die aandag val op die eerste deel van die versamelde werke van prof. A. A. van Ruler onder die titel *Theologisch werk.*[7] Dit blyk dat neutraliteit ook in die teologie vandag nie meer moontlik is nie. Elke teoloog word gedwing tot 'n keuse. 'n Man soos H. Berkhof beweeg duidelik in progressiewe rigting. By dr. G. de Ru sien ons die omgekeerde. Ek kry die indruk dat Van Ruler ook steeds meer in behoudende rigting beweeg. Dit kan 'n mens ontdek in sy pragtige boek oor die *Apostolicum* en dit kom veral aan die lig in hierdie versamelwerk, omdat die artikels wat opgeneem is oor 'n lang tydperk geskryf is. In 'n voordrag onder die titel *Wat is teologiese arbeid?* bespreek Van Ruler twee boeke van dr. Kuitert *De mensvormigheid Gods* en *De realiteit van het geloof.* Van Ruler toon aan hoe by Kuitert die O.T. agter die horison verdwyn.[8] Van Ruler beklemtoon tereg hoe belangrik die regte siening op die verhouding O.T.—N.T. vir die teologie is.

Sy opstel in hierdie boek oor *Structuurverschillen tussen het christologische en pneumatologische gezichtspunt* is van digterlike skoonheid, mistieke krag en vol diep gedagtes, in een woord magistraal. Soos met al die boeke van Van Ruler is dit besonder verrykend om hierdie eerste deel van sy versamelde werke te bestudeer.

Op die terrein van die hermeneutiek is daar die mooi boek van prof. J. N. Sevenster *Bultmanniana.*[9] In hierdie boek vind ons verskillende artikels waarvan enkele al eerder gepubliseer was. Iets wat my in hierdie boek besonder getref het, is die beklemtoning van die werk van die Heilige Gees in verband met die verstaan van die Bybel. Sevenster sê by die leser van die Bybel moet 'n innerlike kongenialiteit met die Sprif wees om dit te kan verstaan. Alle ware eksegese moet begelei word deur die gebed om die verligting van die Heilige Gees.

Graag wil ek ook u aandag vestig op 'n boek van G. Puchinger, *Een theoloog in discussie.*[10] In hierdie boek gee Puchinger eers 'n beoordeling van die persoon en werk van prof. K. Schilder en dan vind ons die hoogs interessante debat tussen Schilder en dr. O. Noordmans uit 1936 oor algemene openbaring en algemene genade. Noordmans het dit so gestel: „De algemeene openbaring is niet meer de brug waarover de heiden in de kerk komt, maar de loopplank waarover de christen de kerk verlaat".[11] Die diskussie oor die algemene genade het nog nie tot stilstand gekom nie. Dit sal goed wees as teoloë in Suid-Afrika hul ook in die gesprek meng.

Die oes op die terrein van die homelitiek is maar skraal. Daar verskyn helaas min boeke wat die predikant kan help by die voor-

bereiding vir sy preek. Daarom stem dit des te meer tot vreugde dat pogings aangewend word om kommentare en preke van Calvyn opnuut te laat druk. Daarom wil ek graag voor wat Calvyn se kommentare betref u aandag vestig op *uitgewer T. Bolland* wat die *Skrifverklarings van Calvyn* in aflewerings van 96 pagina's sal laat verskyn[12] en voor wat Calvyn se preke, artikels en briewe betref op die gewaardeerde arbeid van *De Gereformeerde Bibliotheek.*[13]

Ten slotte is daar die erebundel wat aangebied is aan prof. E. P. Groenewald *Hermeneutica.*[14] In hierdie bundel is 'n verskeidenheid van teologiese opstelle van Nederduitse Geref. teoloë opgeneem. Mooi artikels oor die verhouding van die Ou en Nuwe Testament (prof. A. H. van Zyl), die eksegese van die sinoptiese evangelies (dr. A. B. du Toit), Paulus en heilshistorische eksegese (dr. J. H. Roberts), die verklaring van die boek Openbaring (prof. F. J. Botha), die verhouding eksegese en dogmatiek (prof. W. D. Jonker), Homiletiese eksegese? (prof. H. D. A. du Toit) en Hermeneuse in 'n sendingsituasie (dr. D. J. Bosch) e.a. vind ons in hierdie bundel. In hierdie boek vind ons die invloed van 'n bekwame en toegewyde nieutestamentikus op geïnspireerde leerlinge. Wie wil weet hoe daar vandag ook in Suid-Afrika geteologiseer word, moet hierdie opstelle lees. Die leser sal seker hier en daar 'n vraagteken plaas, maar die geheel is van so 'n gehalte dat ek hierdie boek hartlik by u wil aanbeveel. U sal met groot vrug gebruik kan maak van die verskeidenheid van aktuele onderwerpe wat aangebied word.

AANTEKENINGE

1 *Theologia Reformata,* onder redaksie van dr. H. Bout e.a., Adm. Kerkplein 1, Woerden, Nederland.
2 *Theologia Reformata,* Jaarg. XIII — No. 2, Sept. 1970, p. 179.
3 *Confrontatie met de revolutie,* J. B. K. de Vries, Oudestraat 142, Kampen, Nederland.
4 Inter-varsity Press, 39 Bedford Square, London W.G.
5 A. N. Triton: a.w., p. 10—12.
6 A. N. Triton: a.w., p. 26, 27.
7 A. A. van Ruler: *Theologisch werk,* Dl. I, Nijkerk, Nederland.
8 A. A. van Ruler: a.w., p. 101.
9 J. N. Sevenster: *Bultmanniana, Een vraag naar criteria,* Cahier by Nederl. Theol. Tijdschrift, H. Veenman, Wageningen, 1969.
10 G. Puchinger: *Een theoloog in discussie,* Kok, Kampen, 1970.
11 G. Puchinger: a.w., p. 54.
12 T. Bolland, S. Esmeyerstraat 57, Vlaardingen, Nederland.
13 De Gereformeerde Bibliotheek te Meeuwen, Noord-Brabant, Nederland.
14 *Hermeneutica, Erebundel aangebied aan prof. dr. E. P. Groenewald by geleentheid van sy 65e verjaarsdag,* Uitg. N.G. Kerkboekhandel, Posbus 245, Pretoria.

L. Floor.

(Gelewer voor G.T.V. Pretoria, November 1970)